

“Better to write for yourself and have no public, than write for the public and have no self” Cyril Connolly

DINK HIEROOR NA TERWYL JY JOU KERSFEES GENIET

Aangesien die meeste van ons 'n goeie ruskans aan die einde van die jaar gaan geniet, dink asseblief na oor die volgende: Gedurende die 2022 sitrusseisoen het alle werkers hul salarisse ontvang – plukkers en pakkers is betaal, drywers, voormanne, bestuurders en personeel het almal salarisse ontvang; brandstofverspreiders is vir diesel en petrol betaal, asook diegene wat die brandstof afgelewer het; verskaffers van kunsmis en gewasbeskermingsprodukte is vir hierdie insette betaal; verskaffers van verpakkingsmateriaal is vir hul produkte betaal, asook die kartonvervaardigers, etiketverskaffers, kleefmiddelverskaffers en alle ander in die verpakkingsarena; CGA en PPECB is hul heffings betaal; DALRRD het hul inspeksiegelde en ander statutêre fooie ontvang; regering ontvang BTW, brandstofheffings en ander tariewe en belasting; Transnet het hul hawekoste ontvang; skeepsrederye het hul vragtariewe ontvang (gemor); koelkamers en pakhuse het hul stoorgelde ontvang; versekeringsmaatskappye het hul betalings ontvang; uitvoeragente, “freight forwarders” en ander agentskappe het hul kommissies en fooie ontvang; almal is vir hul goedere en dienste in die sitrusvoorsieningsketting betaal. Maar in vier uit vyf gevalle het sitrusprodusente nie 'n sent gekry nie; en in sommige gevalle het produsente uit reserwes inbetaal om te verseker dat almal in die ketting betaal is.

Besin hieroor – is dit volhoubaar? Produsente vra nie vir liefdadigheid nie – almal in die ketting verdien hul billike opbrengste vir die bates wat hulle aan die bedryf toewy en vir hul uitstekende diens en aandag aan detail; maar daar moet genoeg beskikbaar wees vir die produsent om 'n opbrengs op kapitaal en bestuur te kry. Die toekoms is blink in die sitrusbedryf as almal 'n opbrengs kry – vir die volgende tien jaar word voorspel dat die bedryf met 10 miljoen kartonne per jaar sal toeneem; om te verseker dat ALMAL in die ketting kan groei en floreer. Ondanks alles moet die produsent oorleef. Die CGA sien uit daarna om voort te gaan om met alle belanghebbendes regoor die sitruswaardeketting saam te werk om te verseker dat die bedryf in 2023 winsgewend en volhoubaar sal bly.



From our family to yours,
we wish you a wonderful festive season
From all at the CGA



Closing date 23 December 2022 | Opening date 3 January 2023

